

BELEGGING

Inflasie nie so maklik geklop

'Alles het verander' in tydperk van lae groei

Adri van Zyl

Johannesburg.- Die bulmark in die meeste bateklasse die afgelope agt jaar gaan nou teen beleggers draai.

Die meeste bateklasse het in dié tydperk opbrengste van meer as die inflasiekoers gelewer, maar in die omgewing van hoë inflasie en lae ekonomiese groei wat die wêreld nou binnegaan, raak die kansse daarop skraler.

Mnr. Karl Leinberger, hoof van beleggings by Coronation, sê in dié omgewing van hoë inflasie, lae groei en lae opbrengste is die grootste risiko vir beleggers om te konserwatief te wees.

Veral mense wat vir hul inkomste afhanklik is van hul beleggings moet waak teen te groot onttrekkings uit beleggings waarvan die opbrengs nie die inflasiekoers klop nie, sê hy.

"In die afgelope dekade het goeie opbrengste op bykans alle bateklasse beleggers beskerm teen hul konserwatiewe beleggingsbesluite en hoë onttrekkings, maar alles het nou verander."

Teen dié agtergrond is dit belangrik om beleggings uit te soek wat opbrengste van meer as die inflasiekoers sal lewer en 'n gebalanseerde portefeulje saam te stel.

Leinberger se raad is om beleggings te versprei tussen hoogstens vier verskillende portefeuljebestuursmaatskappye en te belê in portefeuljes wat blootstelling aan verskillende bateklasse het.

Hy verwag dat buitelandse aandele oor die volgende tien jaar beter

Keuse van bateklasse al belangriker

BATEKLAS	OPBRENGS	
	Afgelope 10 jaar (In rand)	Volgende 10 jaar *(V)
SA aandele	17,4%	8%-12%
Buitelandse aandele	3,1%	12%-15%
SA eiendom	23,2%	8%-10%
SA effekte	10,2%	8%-10%
Buitelandse effekte	6,3%	5%-9%
Kontant	9,3%	7%-9%
Inflasiekoers	5,9%	6%+

* Voorspelling
Bron: Coronation

“Deur te torring aan 'n belegging wat gedoen is om oor 'n tydperk van drie jaar 'n goeie opbrengs te lewer, word waarde verwoes.

— MNR. KARL LEINBERGER, HOOF VAN BELEGGINGS BY CORONATION.

opbrengste sal lewer as Suid-Afrikaanse aandele. Hy sê selfs al styg die pryse van die aandele van prima buitelandse maatskappye nie, sal die dividendopbrengste 'n goeie opbrengs verseker.

Suid-Afrikaanse maatskappye wat 'n skans bied teen 'n verswak-

king in die waarde van die rand vanweë die deel van hul inkomste wat hulle in die buiteland verdien, sal ook 'n lonende belegging wees. Dit sluit in MTN, Naspers, SAB-Miller, Mondi, Omnia en Trencor.

Hy maan beleggers ook daarteen om te veel aan hul portefeuljes te torring as die beleggingsopbrengste van tyd tot tyd nie te goed is nie. "Deur te torring aan 'n belegging wat gedoen is om oor 'n tydperk van drie jaar 'n goeie opbrengs te lewer, word waarde verwoes."

Dit is al oor en oor bewys dat beleggers geneig is om aan beleggings te torring as die waarde te veel gedaal het en die belegging aan die vooraand van 'n hernieude lopies is.

Leinberger sê effekte sal oor die volgende tien jaar 'n teleurstellende belegging bly omdat die opbrengste nie veel beter as die inflasiekoers sal wees nie.

Coronation verwag in dié tydperk 'n gemiddelde inflasiekoers van 6% en 'n opbrengs van tussen 8% en 10% op effekte.

6%

Coronation verwag in die volgende 10 jaar 'n gemiddelde inflasiekoers van 6% en 'n opbrengs van tussen 8% en 10% op effekte.

Nadat belasting en koste afgetrek is, sal die opbrengs nie veel meer wees as die inflasiekoers nie.

Ander beleggings wat versigtig benader moet word, is gestruktureerde beleggings en beleggings wat 'n vaste opbrengs lewer.

Leinberger sê die hoë koste van gestruktureerde beleggings is die afgelope dekade verdoesel deur goeie opbrengste.

As die toekomstige opbrengste swakker is, gaan die koste 'n groter deel daarvan wegvreet.

Stygings in die inflasiekoers is die grootste bedreiging vir beleggings wat 'n vaste opbrengs lewer. In 'n tydperk van hoë inflasie is beleggings met 'n vaste opbrengs 'n ramp omdat dit ook nie tred hou met die inflasiekoers nie.

► *Sake24* is 'n publikasie in die Naspers-stal.

► Die skrywer hou aandele in MTN.